

Graad 8 NW 17 tot 21 Aug

Merk jou werk

1 a) B b) D c) A

2 1—B, 2—D, 3—A, 4—C

3 a) Koperchloried → Koper + chloor

b) koperchloried

c) koper en chloor

d) die chemiese en fisiese eienskappe van die reaktante en produkte verskil

e) Die bindings in die reaktans breek en nuwe bindings vorm om die produkte voort te bring

4 a) yster en suurstof

b) ysteroksied

c) chemiese e reaksie of sintese reaksie

d) yster + suurstof → ysteroksied

e) die totale aantal atome bly dieselfde tydens 'n chemiese reaksie

Ons gaan nou weer terug na bl 76 en as julle terug is by die skool gaan ons gou weer digtheid hersien om te kyk of julle dit verstaan en die somme kan doen

UITSETTING en INKRIMPING bl 76

As stowwe **warmer** word (verhit word) **sit die stof uit** of word groter . Stowwe **krimp in** of word kleiner as hulle **afkoel**. Onthou **die getalle en die grootte van die deeltjies bly dieselfde**. Dit is die **RUIMTES** tussen die deeltjies wat groter of kleiner word. Hoe werk dit?

As ons iets **verhit voeg ons energie by** en nou beweeg die deeltjies meer. Hulle beweeg verder van mekaar en die ruimtes vergroot. Dus sit die material uit.

As **ons iets verkoel bv in vrieskas sit , word energie weggeneem**. Die deeltjies beweeg nou minder en hulle kom nader aan mekaar en die ruimtes tussen hulle verklein en die material krimp in.

Dink aan 'n termometer of koorspen. Die vloeistof in die termometer sit uit as dit warmer is en dit styg dan in die glasbuisie op en mens kan dit aflees.

Gasse en vloeistowwe gaan meer uitsit as bv vastestowwe. Hoekom dink jy dit is so?

Ingenieurs moet weet teen watter tempo stowwe uitsit en inkrimp as hulle bv bruê ontwerp

Water is baie interessant. Hoekom dink jy dryf ys bo-op water, eintlik moet dit mos sink want dit is 'n vastestof wat op 'n vloeistof dryf. Gewoonlik krimp materiale as hulle verkoel word, maar baie koue water (wat ys vorm) sit uit. Jy het seker al 'n vol bottel water in die vrieskas gesit en dan sien jy die bottel word vetter en die prop kan af spring en ys kom by bek van bottel uit. As ons weer by digtheid kom sal ons na die interessante verskynsel kyk.

Daarom kan ys pype laat bars en dit kan veroorsaak dat rotse kraak as daar ys in skeure vorm. Dit is ook dan hoe rotse verweer om later grond te vorm.

Ons sit ook as mens op 'n baie koue plek bly “anti-freeze” in motors se verkoelingstelsels om te keer dat die water vries en uitsit en so skade veroorsaak

DRUK bl 78

Ons onthou nog dat deeltjie van 'n gas baie vinnig en in alle rigtings, beweeg. As hulle in 'n houer is kom hulle nie vêr nie, maar bots teen die kante van die houer.

Dink aann ballon wat jy opblaas. Hoe meer lug of gas jy inblaas hoe meer gasdeeltjies is daar in die ballon en hoe meer sal hulle teen mekaar bots. Meer botsings veroorsaak dat die druk styg.

As mens iets verhit vee hoog die druk ook. 'n Toe blik wat verhit word sal ontplof. Hitte gee die deeltjies meer energie en hulle beweeg meer en bots meer en bots meer teen die kante

Doen op bl 81 no 14 en 15